

14 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:27-30

Fokusgedeelte: Matteus 5:28-29

Dis nie bloot wat jy doen nie, dis wat jy dink en wie jy naby aan jou toelaat

Dit waaraan jy dink, die dinge wat in jou hart lewe, die dinge wat jy in jou hart toelaat, bepaal ook jou "heilig leef" voor God (vs. 27). Omdat ek nie meer slaaf is van die sonde nie, kán ek my denke rig (Filip. 4:8), kán ek elke gedagte gevange neem en dit aan Christus gehoorsaam maak (2 Kor. 10:5).

Hulle sê hardloop is 'n goeie ding, maar dan moet jy betyds begin. Moenie probeer kyk hoe naby jy aan die afgrond van die sonde kan bly staan nie, moenie met versoekinge voetjie-voetjie speel nie, hardloop daarvan weg! Jesus self stel dit in die uiterste vorm (vs. 29): "As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit" – dit beteken: verwyder die versoeking. Ek moenie net weerstand bied as die duiwel my versoek nie, ek moet so ver ek kan die versoeking vermy, verwyder en daarvan af wegvlug. Dis baie moeilik om vir 'n versoeking te val as daar nie meer 'n versoeking is nie.

Waar is my struikelpunte? Is dit wanneer ek moeg is, die internet, saam met spesifieke persone, 'n bepaalde plek, geld, of rondom 'n bepaalde aktiwiteit? Identifiseer jou versoeking en verwyder dit, vermy dit en bestuur dit sodat jy die versoeking vooraf uit die situasie kan verwyder. Maak 'n plan – jy kan, want Christus het vir jou gesterf en vir jou die oorwinningskag gegee. God sê vir ons: "Wees heilig, want Ek is heilig" (1 Pet. 1:16). Die Heilige Gees wat in ons is, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing. Ons kan, want ons doen dit nie in eie krag nie.

Sing: Skrifberyming 14-1

Ds. CJ van Heyningen (Stellenbosch)